dagstukkies met Dennis Francis

21 JANUARIE 2019

Johannes 15:9: #Gehoorsaamheid

“Soos die Vader my liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in die hierdie liefde van My.”

Jesus het in een van Sy laaste onderwysings aan Sy dissipels die diepe eenheid tussen Hom en die Vader getoon deur die gelykenis van die wynstok en die loot.

Die loot kan nie vrugte dra as dit nie in die wingerdstok bly nie. Daardie innige vereniging van die wingerdstok en die loot verwys na die diepe vereniging wat Jesus het met God, die Vader.

Om dan so ‘n verhouding te kan het, spreek van totale gehoorsaamheid. Jesus sê vir sy dissipels “Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle liefgehad. Bly in hierdie liefde van My.”

Johannes 3:16 lees: “Want so lief het God die wêreld gehad , sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie,maar die ewige lewe kan hê.”

Dit is in daardie onvoorwaardelike liefde wat ‘n mens noop tot totale gehoorsaamheid. Daarom is die opdrag: “Bly in hierdie liefde van My.

Vrede / Shalom

Tygerberg 104 FM